**<u>Oggenddiens</u>**: 24 Augustus 2025
**<u>Leraar</u>**: Wouter v.d. Merwe
**<u>Tema</u>**: Die wonderwerk van jou doop!
**1Kor.10:1-2**

Doop is Inisiasie in die kerk in vir Christene.

Die simboliek van die doop is so ryk:

1 . Soos met die **Rooi see** se oopgaan en deurgaan van Moses en die Israeliete so,

- word ons ook **bevry**! (van die slawerny van sonde) Eks.14
- maak ons doodloopstraat oop op ʼn wonderbaarlike en goddelike manier om vir ons **uitkoms** te bring!
- **begin dit ons wandel** met die Here!
- is ons nou oppad na ons **belofte**!
- is dit soos met die Israeliete ʼn **geboorte**! (**Joh.3:5**)

Illustrasie: Popcorn (jou doop verander jou onherroeplik) Rom.11:29

2. Soos met die Israeliete is daar **geen terugdraai** na jou "waterskeiding" nie!

3. Die doop simboliseer ook die opstanding uit die dood vir elke gelowige!
Dit is ons belofte dat die graf gewen is!!
• Die water simboliseer die **graf** van Jesus vir ons, as ons daarin gaan,
• en die **opstaan** daaruit verteenwoordig ons gewilligheid om Hom te volg in dankbaarheid omdat ons saam met Christus die Dood oorwin het!
**Rom.6:3-6**

4. Die doop is ook dan ons **Belydenis van Geloof**!

- Dit volg en vertel van jou **wedergeboorte**! (ou mens is dood: gekruisigdes moet begrawe word)
- Dit is **Publiek**
- Dit is voorgeskrewe volgens die **Woord** en **Jesus se**

**voorbeeld:**
Jy word onderdompel onder die water!
In & Op (El-Al)

5. Hierna is jy welkom om jou doop te vier deur die **Nagmaal** te gebruik!
• Doop **eenmalig** & Nagmaal **herhaaldelik** vier Christus se verlossing!

6. Gewoonlik die begin van iemand se bediening!
**Matt.25:23**
die Vervulling in die Heilige Gees is ook nou moontlik!
(gedoop in die wolk)

Is jy al gedoop?